



Assesseringsbeleid- en Praktyke aan die US

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om 'n raamwerk daar te stel waarbinne assesseringspraktyke aan die Universiteit geldig, betroubaar en verantwoordbaar kan wees en aan die hand van duidelike kriteria binne fakulteite gerig en geëvalueer kan word.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	
Implementeringsdatum:	2012
Datum van volgende Hersiening:	Elke vyf jaar
Datum(s) van vorige Hersienings:	2017
Beleideienaar¹:	Vise-Rektor: Leer en Onderrig
Beleidkurator²:	Direkteur: Sentrum vir Leer en Onderrig
Sleutelwoorde:	Assessering; Assesseringspraktyke; Programontwerp; Programontwikkeling; Programimplementering
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

Assesseringsbeleid en –praktyke aan die Universiteit van Stellenbosch

Implementeringsdatum: 2012

Volgende hersiening: 2017

1. Inleiding

Doel van die beleid

Met hierdie assesseringsbeleid streef die Universiteit daarna om die beleidsuitgangspunte implisiet in bestaande institusionele, fakultêre en departementele regulasies en praktyke eksplisiet te maak. In die gees van “*uitmuntende wetenskapbeoefening*”, soos verwoord in die Universiteit se **missie**, word daar gepoog om assesseringspraktyke aan die Universiteit met hedendaagse, navorsingsgebaseerde opvattings en standarde aangaande assessering te belyn.

Assessering vorm die hart van 'n geïntegreerde benadering tot studenteleer. Daar word algemeen aanvaar dat assessering 'n kragtige invloed op studenteleer uitoefen, asook die praktyk is waarin daar vir studente die meeste op die spel is, met inagneming van die funksies wat in paragraaf 2.1 van hierdie beleid beskryf word.

Die doel van hierdie beleid is derhalwe om 'n raamwerk daar te stel waarbinne assesseringspraktyke aan die Universiteit

- **geldig, betroubaar** en **verantwoordbaar** kan wees en
- aan die hand van duidelike kriteria binne fakulteite gerig en geëvalueer kan word.

Uitgangspunte van die beleid

Die beleid fokus op die *kriteria* vir uitmuntende praktyk in assessering. Die detailregulerings, reglemente, reëls, regulasies en praktyke hiervan is onderworpe aan hierdie beleid. Alle institusionele en fakulteitspesifieke dokumente wat betrekking het op assessering resorteer dus onder hierdie oorkopelende assesseringsbeleid en voldoen daaraan.

Hierdie beleid berus op die aanname dat dosente bevoeg is om te kan besluit hoe assessering binne hul dissiplines en programme behoort te geskied en bereid sal wees om uitmuntende wetenskapsbeoefening na te streef en ook hul vaardighede verder te ontwikkel. Die primêre verantwoordelikheid vir die monitering van assesseringspraktyke aan die Universiteit is in die fakulteite gesetel. Die beleid beoog nie om voorskriftelik te wees ten opsigte van assesseringstrategieë nie, maar om 'n ruimte te skep waarbinne dosente verantwoordbare keuses ten opsigte van assessering binne hul eie omgewings kan maak.

2. Assessering as onderrigpraktyk

Assessering van studenteleer word beskou as 'n **proses** waartydens:

- die verwagtinge en standarde vir prestasie duidelik gemaak en beskikbaar gestel word;
- getuienis ingewin word oor hoe goed prestasie met hierdie verwagtinge en standarde vergelyk;
- die getuienis ontleed en geïnterpreteer word; en
- inligting wat so verkry is, gebruik word om prestasie te dokumenteer, te verklaar en/of te verbeter.

2.1 Funksies van assessering

Assessering kan vir 'n verskeidenheid van funksies aangewend word.

1. Assessering vir **diagnostiese** doeleindes vind plaas wanneer studente se sterk- en swakpunte op akademiese gebied bepaal word ten einde, byvoorbeeld, gepaste leerondersteuningsaksies, keuring, toelating en plasing moontlik te maak.
2. Assessering vir **formatiewe** (assessering **vir leer**) doeleindes dien hoofsaaklik die leerproses deur studente die geleentheid te bied om met behulp van tydige terugvoer die ontwikkeling van die verlangde kennis, vaardighede en houdings te bevorder.
3. Assessering vir **summatiewe** (assessering **van leer**) doeleindes dien om besluite en uitsprake oor studente se vordering toe te lig, vir bv. promosie of sertifisering, waartydens waardeoordele oor studente se prestasie geveld word.
4. Assessering kan deel uitmaak van die inligting wat vir **evalueringsdoeleindes** (assessering **vir gehaltebevordering**) gebruik word om die gehalte van 'n leer- en onderrigprogram te beoordeel.

Dit is belangrik dat akademiese omgewings sorg dra dat sowel die assessors en die studente wat geassesseer word, die verskillende doeleindes van assessering deeglik begryp.

2.2 Kriteria vir effektiewe assessering

Omrede assessering een van die kragtigste en mees direkte invloede op die aard en omvang van studenteleer uitoefen, is die ontwerp van assessering *om studenteleer te bevorder* van sleutelbelang. Effektiewe assessering is gegronde op gesonde programontwerp, -ontwikkeling en -implementering. Dit is belangrik om daarop te let dat die **belyning** van assessoringspraktyke met die leeruitkomste en onderrigmetodes 'n sleutelrol speel in die strewe na effektiewe assessering.

Die doel van die onderstaande stel kriteria vir effektiewe assessering is om aan dosente, betrokke by assessering, maatstawwe te gee waaraan hul assessoringspraktyke, in terme van individuele assessoringsgeleenthede en die prosesse op module- en programvlak, gemeet kan word. Dit bly steeds die verantwoordelikheid van fakulteite en hulle personeel, betrokke by assessering, om dit vir hul eie omstandighede te vertolk en toe te pas.

Alle assessoringsgeleenthede en -prosesse behoort aan die onderstaande kriteria te voldoen. Dosente behoort hulself t.o.v. alle vlakke van assessering (bv. op module- en programvlak) asook t.o.v. alle assessoringsinstrumente wat hulle

gebruik (bv. webgebaseerde toetse, take, multikeusetoetse, e.s.m.) teen dié kriteria te kan verantwoord.

Hierdie kriteria behoort egter nie in isolasie oorweeg of toegepas te word nie, maar sover as moontlik in balans tot mekaar.

2.2.1 **Geldigheid**

Prestasie met enige assessoringsstaak spruit meerendeels uit dit wat die assessoringsstaak veronderstel is om te meet, met minimale invloed van onverwante faktore. Afleidings wat gemaak word hou dus direk en hoofsaaklik verband met dit wat die assessoringsstaak veronderstel is om te meet. Die geldigheid van assessoringsresultate verhoog na mate

- 2.2.1.1 die assessoringskomponent van 'n program so beplan en ontwikkel word dat studente die geleenthed gegee word om te demonstreer hoe hulle die gestelde uitkomste, beide spesifiek en generies, bereik het;
- 2.2.1.2 daar verseker word dat dit wat geassesseer word die inhoud van die gestelde uitkomste voldoende sal weerspieël;
- 2.2.1.3 die assessoringsmetodes (byvoorbeeld toetse, werkopdragte, take, praktika, mondelinge, ens.) gekies word na gelang van die aard van die leeruitkomste wat geassesseer word;
- 2.2.1.4 die relatiewe aantal geleenthede van die verskillende tipes assessorings die gepaste klem op die verskillende leeruitkomste plaas; en
- 2.2.1.5 daar, waar toepaslik, van verskeie assessoringsmetodes gebruik gemaak word.

2.2.2 **Betroubaarheid**

Assessorings onderskei konsekwent tussen goeie en swak prestasie. Die resultate van individuele assessoringsgeleenthede sowel as die resultate van assessoringsprosesse (modules en programme) is herhaalbaar in verskillende kontekste of oor tyd heen. Die resultate is herhaalbaar, met ander woorde dit onderskei konsekwent tussen hoë en lae prestasie. Die betroubaarheid van assessoringsverhoog na mate

- 2.2.2.1 die assessoringsmetodes volgens hul erkende betroubaarheid vir die assessorings van gestelde uitkomste gekies word;
- 2.2.2.2 daar tydens die *toepassing* van die assessoringsmetodes gelet word op faktore wat die betroubaarheid van die metode mag beïnvloed;
- 2.2.2.3 die *aantal* en *verskeidenheid* van assessoringsmetodes doelbewus gekies word om die betroubaarheid te verhoog; en
- 2.2.2.4 die nasien van assessoringsstukke deur een of meer nasieners betrokke by 'n module binne departemente en fakulteite eenvormig is.

2.2.3 **Akademiese Integriteit**

Die nodige procedures bestaan om oneerlikheid tydens assessorings en ongerymdhede met die berging en rapportering van punte so ver moontlik te verhoed, te bespeur en te hanteer. Dit impliseer dat alle betrokkenes op hoogte is van die Senaatsregulasies in dié verband.

2.2.4 Deursigtigheid

Genoegsame en relevante inligting oor assessering is aan studente bekend deur middel van die Algemene Jaarboek Deel 1, module raamwerke of studiegidse en ander stelsels waar toepaslik. Inligting oor assessering, byvoorbeeld die redes vir die assessering, wanneer dit sal plaasvind, metodes wat gebruik sal word, vereistes waaraan dit gemeet sal word, die wyse waarop die finale punt bereken sal word en die appélmeganismes is aan studente bekendgemaak. Deursigtigheid verhoog indien

- 2.2.4.1 enige omgewingspesifieke appélprosedures, in aanvulling tot dié in die Algemene Jaarboek Deel 1, aan studente beskikbaar gestel word;
- 2.2.4.2 studente, waar sinvol, duidelike inligting ontvang omtrent die assessoringsvereistes waarteen hul prestasie tydens verskillende assessoringsgeleenthede of –metodes gemeet sal word;
- 2.2.4.3 punte vir assessoringsstake, asook die prestasiepunt, bepaal word aan die hand van voorafbepaalde vereistes en standaarde, eerder as met verwysing na die prestasie van ander studente; en
- 2.2.4.4 die metode waarvolgens gewig aan verskillende assessoringsgeleenthede toegeken word en waarvolgens die prestasiepunt saamgestel word, duidelik in die moduleraamwerk uiteengesit word.

2.2.5 Regverdigheid

Assessoringsisteme is billik deurdat alle studente regverdig behandel word, sonder vooroordeel en met die nodige hulp om onvermoë of agterstande te oorkom. Assessoringsopdragte is van so 'n aard dat dit toepaslik begryp en geïnterpreteer kan word deur studente uit verskillende agtergronde. Regverdigheid verhoog na mate

- 2.2.5.1 die samestelling van punte in 'n module 'n oorweegde, verdedigbare proses is;
- 2.2.5.2 die betroubaarheid en geldigheid van die oordele wat oor studenteprestasie gemaak word, verseker kan word;
- 2.2.5.3 daar van 'n verskeidenheid van assessoringsmetodes gebruik gemaak word;
- 2.2.5.4 die kriteria waarteen die taak geassesseer gaan word vooraf aan studente bekend gemaak word;
- 2.2.5.5 die assessor nie 'n onredelike vereiste aan studente stel nie; en
- 2.2.5.6 daar doelbewuste pogings aangewend word om sover as moontlik die assessor te vrywaar van bedoelde of onbedoelde vorme van onbillike diskriminasie.

2.2.6 Haalbaarheid

Die koste en praktiese implikasies van die assessoringsproses is redelik binne die konteks en die doel van die assessoring.

2.2.7 Tydige terugvoer

Studente ontvang tydige terugvoer oor *formatiewe* en, waar toepaslik, *summatiewe* assessoringsstake. Die terugvoer stel die studente in staat om die gedeeltes wat bevredigend afgehandel is te identifiseer asook gedeeltes wat aangespreek moet word. Deur studente te begelei om hulle eie leer te monitor en oor leerervarings te reflekter, eerder as om eensydig te fokus op punte, word studenteleer ondersteun en bevorder. Tydige terugvoer vir *formatiewe* en *summatiewe* assessoringsstake is krities vir studenteleer en word beskikbaar gestel ten einde die gedeeltes wat bevredigend afgehandel is en wyses waarop leer verbeter kan word, te identifiseer.

Studenteleer word bevorder indien

- 2.2.7.1 formatiewe assessorering met tydige terugvoer, waar toepaslik, as deel van assessorering in programme en modules ingesluit word;
- 2.2.7.2 assessoringsgeleenthede oor die semester versprei word om die gehalte van leer, wat deur assessorering en terugvoer aangemoedig en ondersteun word, te bevorder;
- 2.2.7.3 tydige terugvoer oor formatiewe en/of summatiewe assessorering, waar toepaslik, beskikbaar gemaak word;
- 2.2.7.4 studenteprestasie tydens assessorering as 'n vorm van terugvoer oor onderrig hanteer word;
- 2.2.7.5 studente ingelig is oor wyses waarop terugvoer oor assessorering gebruik kan word vir verdere ontwikkeling; en
- 2.2.7.6 onderrigpersoneel die resultate van individuele assessoringsgeleenthede en oorhoofse strategieë deurgaans krities oorweeg, sodat misverstande oor onderrig toepaslik aangespreek en praktyke, waar nodig, aangepas kan word.

3. Assessoringsstelsel aan die Universiteit van Stellenbosch

Hierdie assessoringsbeleid stel voor dat die US die volgende vyf jaar, vanaf 2012 tot 2016, gebruik om die moontlikheid van die oorbeweeg na 'n enkele soepel assessoringsstelsel waarbinne al die diverse behoeftes van die verskillende omgewings geakkommodeer kan word, te toets en te oorweeg. Tydens hierdie tydperk sal die gebruik van die voorgestelde nuwe stelsel op 'n kleiner, beheerde skaal getoets en geanalyser word met die oog op moontlike implementering in 2017. Dit verondsertel dus dat die volgende rondte van hersiening van die assessoringsbeleid reeds in 2015 begin.

Die beleid maak dus voorsiening vir die instel van 'n derde assessoringsstelsel, naamlik buigsame assessorering, tesame met die bestaande twee formele assessoringsstelsels, naamlik eind- en deurlopende-assessorering, vanaf 2013. Omgewings sal tydens 2012 kan aansoek doen om vanaf 2013 van hierdie nuwe stelsel gebruik te maak. Aangesien die typerk van 2013 tot 2016 gebruik gaan word om die buigsame assessoringsstelsel te toets en die implaksies van die gebruik daarvan op groter skaal te evalueer, sal deelname daaraan gedurende hierdie toetstydperk beprek word. Daar sal wel gepoog word om te verseker dat dit in 'n verteenwoordigende verskeidenheid van kontekste getoets word. Inligting rakende die procedures vir die van die instel van hierdie stelsel en die gepaardgaande aansoekproses sal teen die einde van 2011 bekendgemaak word.

Binne die buigsame assessoringsstelsel word die verhouding tussen assessorering deur die loop van die module en eind-assessorering op modulevlak vasgestel, onderhewig aan die bepalings in die Algemene Jaarboek. Die onderskeid tussen 'n eindeksamen en eindtoets verval dus en daar is bloot 'n enkele konsep van eindassessorering.

4. Reikwydte van hierdie beleid

4.1 Tipes assessering

Alle vorme van assessering van studenteleer aan die US, hetsy voorgraads of nagraads, toetse, eksamens, take, kliniese werk, diensleer, e-assessering of enige ander vorm van assessering is onderhewig aan die bepalings van hierdie beleid en moet dus voldoen aan die kriteria vir effektiewe assessering hierin uitgespel. Individuele fakulteite het egter die verantwoordelikheid om die beleid vir hul unieke situasies te interpreteer en dit binne hul kontekste te laat realiseer. Dit geld ook vir unieke aanpassings wat gemaak word vir studente met spesiale leerbehoeftes en gestremdhede.

4.2 Kategorieë van assessors

Hierdie beleid onderskei tussen vier kategorieë van assessors aan die US, naamlik

- 4.2.1 Nuutaangestelde akademiese personeel;
- 4.2.2 Akademiese personeel wat reeds permanente aanstellings geniet;
- 4.2.3 Buite- of kontrakpersoneel betrokke by die assessering van studenteleer, byvoorbeeld in diensleer of kliniese opleiding; en
- 4.2.4 Studente betrokke by die formele assessering van studenteleer, byvoorbeeld nagraadse of senior voorgraadse studente betrokke by die assessering van werk van studente in eerstejaarmodules wat tot 'n finale punt bydra.

4.3 Ander statute, reëls, riglyne wat betrekking het op assessering

Alle statute, reëls, riglyne wat betrekking het op assessering van studenteleer aan die US, insluitend jaarboekregulasies, omgewingspesifieke reëls en riglyndokumente, soos byvoorbeeld die e-assesseringsriglyne of vroeë assessoringsprotokol is onderhewig aan die bepalings van hierdie beleid en moet daaraan voldoen.

5. Implementering van die beleid

5.1 Monitering van assessering

Die Universiteit aanvaar dat alle fakulteite streef na onderrigaktiwiteite van hoë gehalte, maar aanvaar dat die gehalteversekeringsmeganismes mag verskil om voorsiening te maak vir die verskille tussen programme en kontekste. Die Universiteit benadruk die noodsaaklikheid van duidelike, omvattende en deursigtige analise en rapportering van assessoringspraktyke binne departemente en fakulteite.

5.2 Verantwoordelikhede met betrekking tot die implementering van die assessoringsbeleid

5.2.1 Verantwoordelikhede van die student

Die student

1. maak seker dat hy/sy op hoogte is van die reëls en regulasies aangaande assessering soos vervat in Die Algemene Jaarboek Deel 1;

2. verseker dat hy/sy op hoogte is van die bepalings met betrekking tot die assessering in 'n spesifieke module soos vervat in die moduleraamwerk; en
3. verbind hom-/haarself daartoe om 'n eerlike en pligsgetroue poging aan te wend in assesseringstake.

5.2.2 Verantwoordelikhede van die Akademiese Belangeraad

Die Akademiese Belangeraad

1. bring problematiese tendense in verband met assessering onder die aandag van die relevante persone of omgewings;
2. oriënteer studente via hul fakulteitstrukture ten opsigte van assessering en hul verantwoordelikhede in die verband; en
3. is op hoogte van die bepalings van die assesseringsbeleid en kan studente daaromtrent inlig.

5.2.3 Verantwoordelikhede van die assessor (die dosent)

Die assessor

1. is vertroud met die bepalings van hierdie beleid en enige ondergeskikte dokumente wat betrekking het op assessering in die spesifieke konteks;
2. wend 'n doelbewuste poging aan om die kriteria vir effektiewe assessering in hul eie konteks toe te pas;
3. verseker dat alle inligting oor hoe assessering in die module gaan verloop in die moduleraamwerk aan studente bekend gemaak word; en
4. neem, in samewerking met die departementele voorsitter en die programkoördineerder, verantwoordelikheid vir sy/haar eie verdere ontwikkeling en/of opleiding in assesseringsvaardighede.

5.2.4 Verantwoordelikhede van die Fakulteit

Fakulteite verseker, deur middel van 'n gesikte persoon of groep, bv. komitee, getakaak met assessering, dat die vereistes en bepalings van hierdie beleid vir hul unieke kontekste geïnterpreteer en van toepassing gemaak word en dat dit in die assesseringspraktyke binne die Fakulteite gerealiseer word.

Daar word dus van elke fakulteit vereis om 'n persoon of groep getakaak met die toepas van die assesseringsbeleid aan te wys. Hierdie persoon of groep sal spesifiek verantwoordelik wees vir die

1. vertolking van die beleid in terme van die vereistes van die fakulteit;
2. ontwikkeling en implementering van procedures vir die bevordering van effektiewe praktyke met betrekking tot assessering binne die fakulteit;
3. daarstel van procedures en mechanismes om probleme met die implementering van die assesseringsbeleid te identifiseer en te hanteer;
4. versekering¹ dat alle kategorieë van assessors (sien 4.2) gepaste opleiding en/of ontwikkelingsgeleenthede ontvang ten einde aan die

¹ Fakulteite kan opleiding self verskaf of inkoop of van die Sentrum vir Onderrig en Leer se dienste gebruik maak.

- Hoër Onderrig Kwaliteitskomitee (HOKK) se vereistes vir assessoringsbekwaamheid te voldoen (sien ook 5.3 oor bepalings met betrekking tot opleiding van assessors); en
5. die rapportering van assessoropleiding en ontwikkeling van verskillende kategorieë van assessors in die fakulteit (sien ook 5.3 oor bepalings met betrekking tot opleiding van assessors). Hierdie rapportering sal jaarliks via die Komitee vir Leer en Onderrig geskied volgens 'n formaat bepaal in oorelog met die individuele fakulteitspersone getakaak met assessorering.

5.2.5 Verantwoordelikhede van die programkoördineerder²

Die programkoördineerder moniteer die volgende sake en begin aksie neem om sake wat aandag verdien, op te volg:

1. dat assessorering voldoende bewyse oplewer dat die uitkomste van die program gehaal word;
2. dat toepaslike assessoringskriteria en assessoringsmetodes gebruik word;

5.2.6 Verantwoordelikhede van die departement / modulespan

Die departementele voorsitter / modulevoorsitter

1. ontwikkel 'n moniteringsisteem vir die departement/module se assessoringspraktyke om te verseker dat dit voldoen aan universiteitsbeleid;
2. identifiseer procedures, mechanismes en 'n leerondersteuningsisteem om afwyking van die Universiteit se assessoringsbeleid te hanteer;
3. moniteer studente se persepsie oor die gehalte van hul assessorering deur middel van module- en dosenteterugvoer en ontwikkel 'n ondersteuningsisteem waar dit blyk dat die assessorering nie op standaard is nie; en
4. verseker ten tye van aanstelling, asook deurlopend, dat dosente wat by assessorering van studenteleer betrokke is, voldoende toepaslike opleiding en/of ervaring het.

5.2.7 Verantwoordelikhede van die Komitee vir Leer en Onderrig

Die KLO moniteer die implementering van die Universiteit se Assessoringsbeleid deur

1. die vertolking en implementering van die beleid te monitor; en
2. te verseker dat hierdie assessoringsbeleid vyf jaar na implementering (in 2017) hersien word.

5.2.8 Verantwoordelikhede van die Sentrum vir Onderrig en Leer

Die Sentrum vir Onderrig en Leer

1. verskaf ondersteuning aan dosente t.o.v. die ontwikkeling en implementering van gepaste assessoringspraktyke;

² *Plige en verantwoordelikhede van programkomiteevoorsitters en programkoördineerders*
(Senaatsbesluit, 20 Augustus 2004)

2. gee opleiding aan dosente byvoorbeeld deur middel van werkswinkels en 'n kortkursus in assessoring;
3. konsulteer met individuele dosente, programkoördineerders, modulevoorsitters, departemente en fakulteite oor assessoringspraktyke;
4. ondersteun, op versoek, persone of taakgroepes getaak met die implementering van die assessoringsbeleid in fakulteite, en
5. doen behoeftegerigte navorsing oor tersaaklike aspekte van assessoring.

5.2.9 Menslike Hulpbronne

Die Afdeling Menslike Hulpbronne

1. vereis bewys van die nodige vaardighede as assessor ten tye van vaste aanstelling; en
2. stel geen akademiese personeel vas aan sonder bewys van bekwaamheid as assessor nie.

5.3 Opleiding van assessors

Die HOKK het in 2009 aangedui dat die Universiteit se prosesse met betrekking tot assessoropleiding en ontwikkeling van die assessoringsvaardighede sodanig is dat die funksie aan die Universiteit gedelegeer kan word. Dit impliseer dat die Universiteit gemagtig is om self assessors op te lei en teakkrediteer. Dit is egter krities dat alle assessoropleiding, ook in fakulteite, voldoen aan die standaarde op grond waarvan die selfakkreditasiestatus aan die US toegeken is. Persone of groepe getaak met assessorings in die onderskeie fakulteite rapporteer aan die Vise-rektor (Onderrig) oor die voorsiening met betrekking tot elk van onderstaande kategorieë van assessors aan die US (sien ook 4.2, 5.2.4 en 5.2.9).

5.3.1 Nuutaangestelde akademiese personeel

Die Universiteit verwag dat alle nuutaangestelde akademiese personeel assessoropleiding deurloop as voorwaarde vir 'n vaste aanstelling. Verskillende opsies in die verband sluit in:

1. die US kortkursus oor assessorings van studenteleer aangebied deur die Sentrum vir Onderrig en Leer;
2. toepaslike bewys van die deurloop van soortgelyke opleiding aan 'n ander instansie; of
3. die voorlê van 'n portefeuilje ter bewys van bekwaamheid as assessor – sodanige portfeuljes sal deur personeel van die Sentrum vir Onderrig en Leer wat by die aanbied van kortkursus betrokke is, oorweeg word.

5.3.2 Akademiese personeel wat reeds permanent aangestel is

Fakulteite dra die verantwoordelikheid vir die skep van geleenthede waar die assessoringsvaardighede van permanente personeel opgeskarp en uitgebou kan word. Hierdie voorsiening kan 'n verskeidenheid van vorme aanneem en kan, indien dit so verkies word, in samewerking met die Sentrum vir Onderrig en Leer beplan en/of aangebied word.

5.3.3 Buite- of kontrakpersoneel

Fakulteite neem verantwoordelikheid vir die versekering van die assessoringsbekwaamheid van alle buite- of kontrakpersoneel, wat by enige aspek van die assessorings van studenteleer betrokke is en tref die nodige reëlings vir toepaslike opleiding. Die aard van die opleiding sal deur die aard van die assessorings waarby die personeel betrokke is, bepaal word. Opleiding kan in oorleg of samewerking met die Sentrum vir Onderrig en Leer beplan en/of aangebied word.

5.3.4 Studente betrokke by die assessorings van studenteleer

Die gebruik van studente in die assessorings van studenteleer moet met groot omsigtigheid geskied. Fakulteite neem verantwoordelikheid vir die tref van spesiale reëlings vir die toepaslike opleiding van enige student betrokke by die assessorings van studenteleer. Die aard van die opleiding sal deur die aard van die assessorings waarby die student betrokke is, bepaal word. Doelgemaakte opleiding kan, indien so verkies, in oorleg of samewerking met die Sentrum vir Onderrig en Leer aangebied word of daar kan van die Sentrum van Onderrig en Leer se bestaande geleenthede, byvoorbeeld tutoropleiding, gebruik gemaak word.

.

6. Ander relevante dokumente

Die volgende dokumente is ook van toepassing op assessorings en moet, soos nodig, saam met hierdie beleid gelees word.

- 6.1 Vroeë assessoringsprotokol
- 6.2 Reglement vir interne en eksterne moderering
- 6.3 Beleid oor die assessorings en erkenning van voorafleer
- 6.4 Beleid oor studente met spesiale leerbehoeftes/gestremdhede
- 6.5 e-Assessoringsriglyne

Dr. HJ Adendorff
Sentrum vir Onderrig en Leer
1 April 2011

Taakgroepleden: Dr Hanelie Adendorff (SOL, sameroeper), dr François Cilliers (SOL), dr Catherine du Toit (Lettere en Sosiale Wetenskappe), dr Steve Kroon (Natuurwetenskappe), dr Brenda Leibowitz (SOL), me Liezl Nieuwoudt (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), prof Geo Quinot (Regsgleerdheid), mnr Wynand Spruyt (ABR), prof Estelle Swart (Opvoedkunde) en prof Elizabeth Wasserman (Gesondheidswetenskappe)

Voorgestelde Jaarboek-inskrywing vir 'n derde assessoringsstelsel

Notas

- Hierdie reëls vervang nie enige van die bestaande reëls rakende eksamen- en promosiebepalings wat tans in Deel 1 van die Jaarboek verskyn met betrekking tot eksamen- of deurlopende assessorings nie.
- Hierdie reëls word dus bygevoeg by die bestaande reëls onder "Universiteitseksamens" in Deel 1 van die Jaarboek en sodanig genommer.
- Die doel van hierdie reëls is om 'n derde stelsel van assessorings te skep wat as 'n interim benadering in bepaalde modules aangewend kan word ten einde 'n grondslag te bied vir oorweging van 'n algemene meer soepele assessoringsbenadering vir alle modules wanneer die assessoringsbeleid weer hersien word.

8.1.19 *Buigsame assessorings*

Buigsame assessorings (met die oog op prestasiepuntbepaling) is 'n proses waarvolgens 'n student se werk in 'n semester- of jaarmodule sistematies tydens opeenvolgende geleenthede gedurende die semester/jaar deur middel van 'n verskeidenheid assessoringsmetodes bv. werkstuk, toets, portefeuilje, mondeling, laboratoriumondersoek, seminaar, tutoriaal, projekverslag ens (afhangende van die spesifieke vereistes van die module), geweeg en 'n finale prestasiepunt toegeken word, sonder dat die studie met die afneem van 'n formele universiteitseksamen afgesluit word. Kyk ook par 8.5 verder in hierdie hoofstuk.

8.5. Reëls insake buigsame assessorings van modules

Die bepalings van paragrawe 8.3.4 en 8.3.5 hierbo is van toepassing op modules wat buigsame assessorings gebruik.

Verder geld die volgende bepalings vir die buigsame assessorings van modules met die oog op prestasiepuntbepaling:

- 8.5.1. Geen formele klaspunt word verwerf nie. Slegs 'n prestasiepunt word op die voorgeskrewe inleveringsdatum vir prestasiepunte in die sentrale rekenaarstelsel van die Universiteit ingevoer.
- 8.5.2. Die prestasiepunt word gebaseer op assessorings van 'n student se werk by verskeie assessoringsgeleenthede en aan die hand van meer as een assessoringsmetode, versprei oor die semester(s) van die module.
- 8.5.3. 'n Prestasiepunt van minder as 50 kan toegeken word aan 'n student wat nie aan 'n voorafbepaalde aantal assessoringsgeleenthede deelneem nie.
- 8.5.4. 'n Prestasiepunt van minder as 50 kan toegeken word aan 'n student wat nie aan ander vereistes, soos in die moduleraamwerk of studiegids vervat, voldoen nie, insluitende sub-minimum prestasie in bepaalde assessoringsgeleenthede.
- 8.5.5. Die verhouding/gewig van die punt toegeken vir elk van die onderskeie assessoringsgeleenthede met betrekking tot die prestasiepunt word vooraf bepaal en aan studente bekend gemaak in die moduleraamwerk of studiegids.
- 8.5.6. Daar moet gereelde terugvoering aan die student oor sy/haar vordering wees.
- 8.5.7. Studente moet die uitslag van die eerste assessoringsgeleenthed binne vyf weke na die aanvang van die module hê.
- 8.5.8. Die amptelike eerste eksamenperiode moet altyd vir 'n assessorings benut word.

- 8.5.9. In terme van die Reglement vir Interne en Eksterne Moderering, moet assessoringsopdragte en assessoringsprodukte wat ten minste 50% van die prestasiepunt verteenwoordig, gemodereer word.
- 8.5.10. In modules waarin buigsame assessorering geskied is daar geen eksterne herbeoordeling nie. Studente wat van oordeel is dat hulle prestasiepunt verkeerd bereken is, kan wel met betaling van 'n deposito van R40 skriftelik by die Registrateur aansoek doen om 'n noukeurige herberekening deur die betrokke departement van hulle prestasiepunt in die betrokke module. Aansoeke vergesel van bogenoemde deposito moet die Registrateur nie later nie as 7 kalenderdae na die amptelike bekragtiging deur die Viserekotor (Onderrig) van die betrokke eksamenuitslae bereik.